NG KERK REEBOK

SONDAG, 8 NOVEMBER 2026

Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids

VANDAG SE PROGRAM

07:40	Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.
EREDIENSTE	**08:00 Informele Nagmaalsdiens en 10:00 Tradisionele Nagmaalsdiens** Richard van Wyk **Skriflesing**: Openbaring 7: 1-3; 13:11-18; 14:1 **Tema***: "666? Antichris? Wie se merk dra jy?"* **Spesiale Deuroffer:** *Plaaslike Diens van Barmhartigheid.* **https://youtube.com/live/-8IbcqQcbS0?feature=share**
09:00	**GEEN JUNIOR EN SENIOR KATEGESE**

*U kan **u Dankbaarheidsoffergawe-bydrae** enige Sondag in November maand na die kerk bring. U kan ook elektronies oorbetaal (verwysing 10de maand) asook 'n inbetaling by die kerkkantoor doen.*

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die **groot kombuis**. Stap by die saal se deur uit en draai **regs**, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- ***Belangrike Kennisgewing**: As gevolg van die verbouings sal die **kombuis tot verdere kennisgewing nie in gebruik wees nie**. Geen koffie of tee sal tussen die twee eredienste aangebied kan word nie.*

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Bring asseblief enige nie-bederfbare produk uit jou koskas met die nagmaalsdiens. Julle gee sodat ons kan gee!
Dankie aan elke lidmaat wat die projek ondersteun.

VERJAARDAGWENSE

Baie geluk aan:

- **Elmien van Rooyen** (R1), wat 10 November haar **82ste** verjaardag vier.
- **Thys Wessels** (R2), wat 11 November sy **89ste** verjaardag vier,
- **Anita de Vries** (T1), wat 12 November haar **83ste** verjaardag vier,
- **Ben Cornelissen** (R18), wat 13 November sy **82ste** verjaardag vier,

"Tot in julle ouderdom toe is Ek dieselfde,

en tot julle grysheid toe sal Ek julle dra." Jesaja 46:4

PROGAM VIR DIE WEEK

MAANDAG, 9 NOVEMBER 2026

18:00 **Bybelskool** in die kerkgebou. Ons lees Levitikus 24-25.

DINSDAG, 10 NOVEMBER 2026

15:00 **Die Kerssangdiens werkgroep** vergader in die Moederskamer.

WOENSDAG, 11 NOVEMBER 2026

18:00 Gebedsgeleentheid in die Gemeentesentrum.

DONDERDAG, 12 NOVEMBER 2026

11:00 TOT 12:00 **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer. Hierdie is 'n gratis diens.

16:30 **Kooroefening**

17:45 **Musiekgroep**

VOLGENDE SONDAG – 15 NOVEMBER 2026

BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE

07:40 Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.

EREDIENSTE

08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens
Richard van Wyk
Skriflesing: Openbaring 16:12-16; 19:11-21
Tema*: "Die finale stryd: Armageddon."*
Spesiale Deuroffer: *Groot-Brak Polisie Trauma Afdeling*

OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

REEBOK WYKE R6 TOT R11

- **Mouton Lötter** (R11), se moeder is ernstig siek in die Life Bay View hospitaal.

REEBOK WYKE R21 TOT R24

- **Jood Janse van Rensburg** (R21), is in die Life Bay View hospitaal opgeneem.

FRAAI-UITSIG WYKE F11 TOT F14

- **Wilna du Plessis** (F13), sterk aan na 'n knievervanging.

ALGEMENE INLIGTING

SUID-SOEDAN PADKAFEE

Ons jaarlikse Suid-Soedan Padkafee vind plaas op **Vrydag 18 Desember 2026 vanaf 11:00.** Daar is by die deure en op die tafel in die voorportaal inkopiesakke, met 3 items op, neergesit. Indien u belangstel om die Padkafee op die manier te ondersteun neem asseblief 'n inkopiesak. Bring die inkopiesak so gou as moontlik weer terug.

Dames wat bereid is om kleinkoekies te bak kan hulle name by ***Louisa Oosthuizen (082 857 8983) opgee.*** Karel en Dorothy Grové behartig die **boepens-broodjies (Jaffels).** Skenking van maalvleis sal waardeer word. Dankie vir u ondersteuning

LERAARS- EN AMPTENARE SAKE
Deon vd Berg – 5/11 tot 16/11 verlof
Chris de Wet – 12 tot 19/11 verlof

BEROEPSPROSES

Die aansoeke vir die voltydse leraar het Donderdag 22 Oktober 2026 gesluit. Sestien aansoeke is ontvang. Die pre-advies kommissie van die kerkraad het die afgelope weke deur al die aansoeke in 'n gesindheid van biddende geloofsonderskeiding gewerk en vier leraars uit die aansoekers geïdentifiseer met wie daar DV Woensdag, 11 November 2026 aanlyn-onderhoude gevoer sal word. Bid asseblief dat die Here ons deur sy Gees sal lei!

MANNEBYBELSTUDIE EN GEBEDSGELEENTHEID SE JAARAFSLUITING IS 25 NOVEMBER



NUWE LIDMATE

Ons verwelkom die volgende persone met ope arms in ons Gemeente. Ons glo dat elkeen van julle 'n unieke gawe bring wat hierdie familie nog ryker kan maak.

- **Du Plessis**, Abraham en sy vrou Marietta (néé Naude) van Goodwoodpark (R16).
- **Du Plessis**, Christiaan en sy vrou Lizette (néé Schelhase) van Upington-Wes (R10).
- **Hugo**, Francois van Upington-Noord (R17).
- **Prinsloo** (nou Hugo) Danél van die Geloofsentrum Universitas (R17).
- **Van den Berg**, Frederick Josephus de Necker van die gemeente Kimberley-Vooruitsig (R19).

Baie belangrik asseblief

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, boufonds, of enige ander saak. Nie u naam en van nie.

BANKBESONDERHEDE: NG REEBOK

LOPENDE REKENING: 404 908 7902

TAKKODE: 632-005

Snap here to pay

SnapScan